



WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 18 November - 1 Samuel 2 : 1-10

Stilword en aanbidding: Kom tot rus en raak bewus van God se teenwoordigheid. - Stel julle in om God te ontmoet en te luister wat Hy vir julle voorberei het. Gebruik Markus 13:1-8 vir die openingsgebede. Die dissipels het vir Jesus gevra wanneer dit alles voleindig gaan word (Mark 13:4). Jesus het verskillende dinge genoem as "geboortepyne, die begin van die nuwe tyd". Bid die Here dat julle die nuwe tyd in Christus reg sal identifiseer.

Woord: Lees 1 Samuel 2:1-10. Hanna se lied waardeur sy God aanbid, nadat Samuel gebore en gespeen is. Samuel is die kind wat sy van die Here afgesmeek het. En Hanna het gebid: Sy jubel oor die Here en getuig van haar sterkte in die Here. Sy verbly haar oor die uitkoms wat God gegee het, en vereer die Here as heilig en as rots. Hy het diepe kennis (3) en beskerm Sy troue dienaars (9). Wat is ons eerste gewaarwording met die lees van hierdie Skrifgedeelte?

Gesprek:

1. Die koning-metafoor wek dikwels die idee van kragdadigheid en mag. In Hanna se lied is God se heerskappy geklee in heiligheid en standvastige betroubaarheid. Hy is 'n rots (1). Dink oor hoe God in julle lewe regeer.
2. As gemeenskap van gelowiges leef ons met mekaar saam, bewus van God wat deurentyd by ons is. Die lied van Hanna help ons met taal om hierdie bewussyn in woorde te giet. Dit help ons om teenoor mekaar te getuig: "Julle moet nie in hoogmoed bly praat nie" (3). Deel met mekaar die praktiese toepassing van hierdie waarheid.
3. Het jy al 'n gelofte in nood en benoudheid aan die Here gemaak? Dink terug aan wat jy belowe het. Het jy jou gelofte gehou? Deel julle ervaring van God in daardie tyd.
4. Dit is opvallend dat Hanna se lofgebed nie oor die geboorte van Samuel handel nie. Om die waarheid te sê, word Samuel nie een keer genoem nie. Bespreek wat na julle mening die rede(s) daarvoor kan wees
5. Lys die verrassende omkerings wat God bewerkstellig soos dit in 1 Sam. 2:1-10 na vore kom. Kontrasteer die verskillende kategorieë van mense wat hier vermeld word. Wat dink julle moes dit vir die verwerpe, gemarginaliseerde, kinderloses soos Hanna beteken het? Kan julle dink aan mense in julle gemeenskap wat ook in hierdie kategorieë val en wat hulle hoop en vertroue opnuut op God kan vestig?

Afsluiting: Sluit die byeenkoms af met die bewussyn dat ons Here aan die regterhand van God sit. Lees Hebreërs 10:11-14, (15-18), bewus dat volgende Sondag die laaste Sondag van die Kerkjaar is. Dit is dan Sondag van Christus die Koning. "Toe Christus vir altyd een offer ter wille van sondes gebring het, het Hy aan die regterhand van God gaan sit" (12). Hoor Hanna se gebed hier eggo.